

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 32**

**10 Augustus 2025**

## Wanneer 'n lam verwerp word…

**"Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lệ my lewe af vir die skape." – Joh 10:14-15**

Van tyd tot tyd gee 'n ooi geboorte aan 'n lam en verwerp dit. Daar is verskeie redes hiervoor, maar wanneer 'n ooi een van haar lammers verwerp, sal sy nooit van plan verander nie. As die herder probeer om die lam terug te bring, sal die ooi dit selfs wegskop. Die lammetjie se gees word gebreek, en hy hang sy kop so laag dat dit lyk of daar iets fout is met sy nek. Sonder ingryping sal die lam, bekend as 'n "weggooilam", sterf – verwerp en alleen.

### Die herder se ingryping

Maar die verhaal eindig nie daar nie. Wanneer die herder 'n weggooilam gewaar, neem hy dit huis toe. Hy voer dit met die hand, draai dit in komberse toe en hou dit naby sy bors sodat die lam sy hartklop kan hoor. Hierdie versorging help die lam om weer sterk te word. Sodra dit sterk genoeg is, plaas die herder dit terug in die veld by die kudde.

### 'n Blywende band

'n Weggooilam vergeet nooit die herder se liefde en sorg nie. Wanneer die herder die kudde roep, is die lam altyd die eerste om na hom toe te hardloop. Hy ken die herder se stem omdat hy sy liefde op 'n diep en persoonlike manier ervaar het. Alhoewel die weggooilam nie meer liefgehệ word as die ander nie, vertrou hy die herder ten volle as gevolg van hulle intieme band.

### Die goeie Herder

Baie van ons is soos weggooilammers. Verwerp en gebroke sukkel ons om ons koppe op te lig. Maar Jesus, die goeie Herder, neem ons in sys org. Hy hou ons na aan sy hart, voorsien in al ons behoeftes en herstel ons gees. Ons mag gebroke wees, maar ons is diep geliefd deur die Herder wat ons nooit sal verlaat nie…

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir die kleuterskole, skole en universiteite, kolleges en ander onderigsentrums. Vir hulle veiligheid, goeie onderrig sisteme, en Christelike leiding.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Rudi Kruger
- Johnny Viviers
- Judy Roux
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Pierre Pienaar
- Marelize Harrison
- Marcel Holtzhausen
- James Vermaak
- Marina Visser
- Marius vd Westhuizen

Hannah Bylsma
Tannie Rina van der Vyver
Bradley Bam
Juanita Rossouw
Baba Elliana Kotzé
Oom Monty Pienaar
Spokie Vorster
Oom Piet Pretorius
Tannie Bettie Smit
Tannie Nelie van Tonder
Rassie v Deventer
Janine Vorster

**Gedagte vir die week**

**Ons is diep geliefd deur die Herder wat ons nooit sal verlaat nie.**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org